

COVID-19 PROTOKOL EN REGULASIES



INHOUDSOPGAWE

Kliek op die skakel om na 'n spesifieke afdeling te gaan.

<u>ALGEMENE INLIGTING</u>	Bl. 3
<u>DOELWIT EN IMPLEMENTERING</u>	Bl. 4
<u>VEILIGHEIDSKOMITEE</u>	Bl. 5
<u>SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK</u>	Bl. 6
<u>PERSONEEL</u>	Bl. 7
<u>LEERDERS</u>	Bl. 8
<u>OUERS</u>	Bl. 14
<u>@OMS</u>	Bl. 17
<u>PROSEDURES VIR PERSONE WAT POSITIEF VIR COVID-19 TOETS, COVID-19 KONTAK, COVID-19 SIMPTOME</u>	Bl. 18
<u>EMOSIONELE ONDERSTEUNING/WELSTAND EN VERMYDING VAN STIGMAS</u>	Bl. 22

ALGEMENE INLIGTING

Vir algemene inligting oor Covid-19 kan die volgende webtuistes besoek word:

<https://sacoronavirus.co.za/>

<https://www.gov.za/Coronavirus#>

<http://www.health.gov.za/covid19/>

DOELWIT EN IMPLEMENTERING

Hierdie plan het ten doel om die gesondheid en veiligheid van C & N Sekondêre Meisieskool se personeel, leerders, ouers en besoekers te beskerm. Praktiese stappe word gedoen om die gesondheid en veiligheid van alle betrokkenes te beskerm wanneer die skool hervat.

Hierdie maatreëls sal geld vanaf die eerste datum dat personeel en leerders op die terrein moet aanmeld tot verdere kennisgewing.

VEILIGHEIDSKOMITEE

Mev. A. Klink	Skoolhoof Koördineerder
Mnr. E. Rheeder	Voldoeningsbeampte
Mnr. G. Fichardt	Voorsitter van Beheerliggaam
Mnr. E. van Driel Mnr. A du Plessis	Terrein en infrastruktuur (veiligheid en sanitering)
Mev. W. Marx Mev. G. Holtzhausen Mnr. N. Theart	Koshuis
Mej. L. Theron Mnr. C. Fourie Mev. D. Coetzee Mnr. S. Buys Mej. I. Roodt Mev. I. Olivier	SBS
Mej. D. Cloete	Noodhulp, isolasie, siek leerders
Mej. E. Riley	Berader vir geestes- en psigososiale gesondheisondersteuning

SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK

ORGANISASIE	KONTAKBESONDERHEDE
Nasionale Departement van Gesondheid	012 395 8000
The National Institute for Communicable Diseases (NICD)	0800 029 999
The National Institute for Communicable Diseases (NICD) Hulplyn	080 011 1132
The National Institute for Communicable Diseases (NICD) WhatsApp	060 012 3456
Volg die volgende stappe met die WhatsApp nommer: Stap 1: Stoor die nommer op jou selfoon. Stap 2: Stuur die woord "Hi" na die WhatsApp nommer om die gesprek te begin.	
Mediclinic Bloemfontein	051 404 6666
Bayswater Polisiestasië	082 467 6081

PERSONEEL

VERANTWOORDLIKHEID

- Assesseer elke oggend of u enige Covid-19-simptome het. Tipiese simptome kan die volgende insluit: droë hoes, hoë koors, asemhalingsprobleme, seer keel, verlies aan smaak/reuk, haal moeilik asem, is naar, voel moeg.
- Indien u enige simptome toon, moet u nie skool toe kom nie.
- Stel die skoolhoof in kennis.
- Indien iemand met wie u in kontak was, positief vir Covid-19 toets of in kontak was met 'n Covid-19 positiewe persoon, moet u die skoolhoof in kennis stel.

MEET VAN TEMPERATUUR

- Indien u by die boonste sekuriteitshek inkom, word u temperatuur deur die sekuriteitsbeamptes aan diens geneem.
- Indien u by die onderste hek inkom, moet u dadelik na die siftingstafel beweeg waar u temperatuur geneem gaan word.
- Indien u temperatuur hoër as 37,5°C is, word u nie op die terrein toegelaat nie.
- Voltooi die Covid-19 elektroniese vraelys en die Covid-19 register.

VERLAAT VAN SKOOLTERREIN

- Indien u die skoolterrein gedurende die dag verlaat, moet u in die register by die ontvangs uitteken.
- Sodra u die skoolterrein weer betree, moet u temperatuur gemeet word (of by die boonste hek, of by ontvangs).
- U moet weer terugteken.

MASKERS

- Alle personeel moet ten alle tye maskers dra.
- Maskers moet ten alle tye u neus en mond bedek en behoorlik vasgemaak word.
- Wanneer personeel klas gee, sal hulle toegelaat word om 'n plastiese deurskynende masker te dra. Sodra u uit die klas beweeg, moet u weer u gewone masker opsit.

SOSIALE AFSTAND

- Sosiale afstand van 1 meter moet ten alle tye gehandhaaf word. Ook wanneer u sosiaal verkeer.
- Wanneer personeel aantree vir die skanderingsproses of vergaderings, moet sosiale afstand gehandhaaf word.

PERSONEELKAMER, RACHEL STEYN, DAG-IN-DAG-UIT

- Daar is 'n beperking op die hoeveelheid personeel wat op 'n slag binne die lokale mag wees.
- 'n Afstand van 1 meter moet ten alle tye gehandhaaf word.
- Sodra u klaar geëet of gedrink het, moet u maskers weer opgesit word.
- Geen eetgerei mag gedeel word nie.
- Alle koppies moet na die opwasgedeelte geneem word.
- Alle afvalkos moet in die asblik uitgekrap word.

SANITERING

- Saniteermiddels is in al die lokale beskikbaar vir gebruik.
- Hande moet voordat u 'n lokaal betree, gesaniteer word.

ADMINISTRATIEWE BLOK

- Geen personeellede word in die administratiewe blok toegelaat sonder die toestemming van die skoolhoof nie.

ALGEMENE KLASREËLS

- Onderwysers moet onmiddellik na hulle klasse beweeg.
- Die graad 8- en 9-leerders se temperatuur word geneem sodra hulle die skoolterrein betree.
- Daarna beweeg hulle na hulle onderskeie klasse waar hulle deur die siftingsproses moet gaan. Elke personeellid moet seker maak dat die leerders se temperatuur wel gemeet is.
- Die leerders moet almal die Covid-19 vraelys elektronies voltooi of die harde kopie.
- Die leerders moet ook die Covid-19 register voltooi.
- Die lêer moet deur die betrokke onderwyser/es afgeteken word.
- Na afloop van die proses word die lêer na Ontvangs gestuur.
- Leerders se hande moet gesaniteer word wanneer hulle die klas betree.
- Kontroleer dat leerders maskers dra (oor neus en mond).

- Indien 'n leerder die klas verlaat, moet haar hande weer gesaniteer word sodra sy terugkeer.
- Leerders mag nie in die klaskamers eet nie.

NETHEID VAN KLASKAMERS

- Om die saniteringsproses vir die terreinpersoneel te vergemaklik, mag daar niks in die klas rondlê nie.
- Klasse word gedeel. Respekteer die persoon wie se klas u gebruik, deur dit netjies agter te laat.
- Asblikke moet aan die einde van die dag buite die klas neergesit word, sodat dit uitgegooi kan word.
- Alle klasse moet aan die einde van die dag gesluit word. Mnr. Du Plessis moet kontroleer of alle klasse gesluit is.

STOEPE EN KLASWISSELING

- Alle personeel is verantwoordelik om tydens klaswisseling toe te sien dat leerders protokolle gehoorsaam.
- Spreek sêlf die leerders wat nie gehoor aan die Covid-19 reëls en regulasies gee nie, aan.

PERSONEEL MET KOMORBIDITEITE

- Stel 'n risikoregister op wat 'n lys van komorbiteite bevat.
 - Harttoestande (hartvatsiektes, hartversaking, hipertensie)
 - Longsiektes: COPD, asma, longfibrose en sistiese fibrose)
 - Diabetes
 - Mense wat chemoterapie en ander kankerbehandelings ontvang
 - Auto-immuun siektes (rumatoïede artritis, lupus, veelvuldige sklerose en inflammatoriese dermsiekte)
 - MIV
 - Orgaan- of beenmurgoorplantings
 - Persone bo 60 jaar
- Bogenoemde inligting moet by die skoordistrikskantoor ingedien word (watter maatreëls is in plek om die personeel te beskerm/te akkommodeer, kry toestemming indien 'n personeellid van die huis af moet werk.
- Personeel wat vorms by die Departement ingedien het, mag nie by die skool wees totdat die Departement die proses afgehandel het nie.

- Indien 'n personeellid spesifieke maatreëls oorweeg, kan dit toegestaan word nadat 'n gesprek met die skoolhoof gevoer is.
- Die veiligheid van die personeel moet egter prioriteit bly.
- As 'n persoon bo 60 daarop aandring om skool toe te kom, moet die skoolhoof die personeellid in kennis stel om 'n formele brief aan die skool te skryf waarin hy/sy aandui dat hy/sy die risiko op hom/haarself neem as hy/sy siek word en dat hy/sy aanvaar dat dié werkgewer in die geval nie aanspreeklik gehou kan word vir sy/haar besluit om skool toe te gaan nie.

LEERDERS

'n Leerder mag eers die skoolgebou betree nadat:

- haar temperatuur geneem is, en
- die daaglikse kontrole-vorm en register ingevul is.

SIFTINGSPROSES VAN LEERDERS

- GRAAD 8 EN 9
 - Neem jou temperatuur by die onderwyser langs die ML Spiessaal by die Sjerrietuin se trappe.
 - Beweeg daarna onmiddellik na jou betrokke klas.
 - Tree aan op die merke, sodat sosiale afstand ten alle tye gehandhaaf kan word.
 - Jou onderwyser sal die skanderingsproses en sanitering doen voordat jy die klas betree.
 - Voltooi die elektroniese vorm of harde kopie. Die elektroniese vorm sal ook op ITSI beskikbaar wees.
- GRAAD 10–12
 - Skanderingsproses word in die ML Spiessaal gedoen.
 - Beweeg onmiddellik na die ML-Spiessaal.
 - Tree aan op die merke, sodat sosiale afstand ten alle tye gehandhaaf kan word.
 - Die leerders moet soos volg aantree:
 - Graad 12 – voorkant van ML Spiessaal.
 - Graad 11 – deure by Sjerrietuin. Gebruik die eerste deur as die ingang en die tweede deur as die uitgang.
 - Graad 10 – deure by Rachel Steyn. Gebruik die eerste deur as die ingang en die tweede deur as die uitgang.

- Daar sal personeel wees wat die skanderingsproses doen. Voltooi die elektroniese vorm of harde kopie. Die elektroniese vorm sal ook op ITSI beskikbaar wees.

KLASKAMERS

- Geen leerder mag 'n klaskamer betree indien daar nie 'n onderwyser is nie.
- Tree aan op die merke buite die klas om sosiale afstand te handhaaf.
- Leerders se hande moet gesaniteer word voordat die klaskamer betree word.
- Leerders moet ten alle tye maskers in die klaskamer dra.
- Die banke in die klaskamers is geskuif om te voldoen aan die regulasies van 1m. Sorg asseblief dat die bank op die merke op die vloer aangebring, staan.
- Ekstra lokale is as klaskamers ingerig om te voldoen aan die Covid-19-regulasies.
- Vakke word aangebied in klasse wat vakgetalle kan hanteer. Leerders sal dus nie in hulle normale klasse klas hê nie.
- Klasse word gereeld skoongemaak en sanitasie vind in die oggende plaas.

MASKERS

Die dra van materiaal gesigmaskers is vir almal verpligtend. Gesigmaskers moet reg gebruik word om effektief te wees.

- Was jou hande voordat jy die masker opsit.
- Maak seker dat die masker jou mond en neus bedek.
- Moenie aan die lapgedeelte raak nie.
- Jou masker mag slegs afgehaal word wanneer jy iets eet of drink.
- Wanneer jy jou masker afhaal, moet jy probeer om net aan die bandjies te raak.
- Hanteer die masker so min as moontlik.
- Sorg altyd dat jy 'n tweede masker beskikbaar het.
- Was die masker met seep en warm water en stryk dit na elke dag se gebruik.

SOSIALE AFSTAND

Dit is ons almal se verantwoordelikheid om die verspreiding van Covid-19 te beperk.

- Neem verantwoordelikheid vir jou en die res van Oranje se veiligheid deur 'n sosiale afstand van 1,5m buite die klaskamers en 1m in die klaskamers te hou en fisiese kontak te vermy.

STOEPE EN KLASWISSELING

- Met klaswisseling moet alle leerders 'n minimum sosiale afstand van 1,5m handhaaf.
- Merke is op al die stoepe aangebring waar leerders moet aantree.
- Om beperking op die stoepe te verminder, is daar pyle aangebring wat die rigting waarin leerders beweeg, aan te dui.
- Die gebruik van pyle is verpligtend!

BADKAMERS

- Die badkamers word op 'n gereelde basis skoongemaak.
- Daar mag slegs 'n beperkte hoeveelheid leerders in 'n badkamer wees. Kyk na die aanwysings op die deure en bly by die regulasies.
- Merke is buite die badkamers aangebring waarop leerders kan aantree.
- Al die badkamers is ingerig met seephouers, handdoekhouers en saniteermiddels.
- Elke leerder wat die badkamer besoek, moet haar hande saniteer voordat sy ingaan en haar hande vir ten minste 20 sekondes met seep en water was sodra sy die badkamer verlaat.

POUSE

Dit is baie moeilik om sosiale afstand te handhaaf as 'n mens saam met vriende en in die skoolomgewing kuier.

- Grade sal op verskillende tye pouse hê om te verseker dat sosiale afstand gehandhaaf kan word.
- Gebruik die verskillende ruimtes (onderste hokkieveld, matriekvierkant, Beeldetuin, Sjerrietuin, Astro) wat op die skoolterrein beskikbaar is om te verseker dat sosiale afstand gedurende pouses gehandhaaf word.
- Geen kontakspelletjies mag gespeel word nie.
- Leerders mag nie eet- en drinkgoed deel nie.

- Alle Covid-19-regulasies is van toepassing op leerders wat by Le Quack of die snoepie iets wil koop of wil sit en eet:
 - Leerders se hande moet gesaniteer word wanneer hulle Le Quack toe gaan of iets by die Spens koop. Nadat geld of bankkaarte hanteer is, moet hande weer gesaniteer word.
 - Gesigmaskers moet gedra word ,behalwe wanneer leerders eet of drink. Sodra leerders klaar geëet het, moet die maskers weer opgesit word.
 - Sosiale afstand van 1m moet ten alle tye gehandhaaf word. Leerders mag onder geen omstandighede op mekaar se skote sit nie.
 - Kyk na die beperking op die hoeveelheid leerders wat binne Le Quack toegelaat word.
 - Ruimtes waar leerders gesit het, moet gesaniteer word voordat ander leerders daar gaan sit.
 - Bedieningspunt moet gereguleer word.

SKOOLBYWONING EN ASSESSERING

- Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat gesonde leerders wel skool toe kom.
- Alle leerders moet alle assesserings voltooi.
- Indien 'n leerder afwesig is, is dit haar verantwoordelikheid om op datum te bly.
- Die normale reëls ten opsigte van mediese sertifikate geld.

OUERS

VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS AAN DIE BEGIN VAN 'N SKOOLDAG

- Assesseer elke oggend voordat u dogter skool toe kom, of daar enige Covid-19-simptome is. Tipiese simptome kan die volgende insluit: droë hoes, hoë koors, asemhalingsprobleme, seer keel.
- Indien u dogter enige simptome toon, moet sy nie skool toe gestuur word nie.
- Ouers moet die skool in kennis stel as 'n ouer, familielid of hul dogter self positief vir Covid-19 toets, of in kontak was met 'n Covid-19 positiewe persoon, sodat kontaksporing en nasionale riglyne vir selfisolering gevolg kan word.
- Covid-19 positiewe ouers en leerders moet ook by die Departement van Gesondheid aangemeld word.

HOËRISIKOLEERDERS

Hoërisikoleerders word aan die volgende kriteria gekenmerk:

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes.
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma.
- Hoë bloeddruk.
- Hartsiektes.
- Kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande.

Dit is belangrik dat sulke leerders nie in kontak kom met groepe ander leerders nie. Indien u kind aan bogenoemde kriteria voldoen, sal ons alternatiewe reëlins kan tref om u kind steeds van kwaliteitonderrig te voorsien.

Dogters wat aan die bogenoemde hoërisiko-siektes ly, se name moet aan die betrokke Departementshoofde deurgegee word. Die Departementshoofde sal met u skakel rakende die nodige reëlins en dokumentasie.

HANTERING VAN BESOEKERS BY DIE SKOOL

Almal wat die terrein betree, moet aan dieselfde voorsorgmaatreëls onderwerp word om ons hele gemeenskap te beskerm.

Geen ouers word op die terrein toegelaat sonder die toestemming van mev. Klink nie. Indien ouers 'n dringende/noodsaaklike afspraak verlang, moet u asseblief telefonies en per e-pos met die ontvangspersoneel kommunikeer. Net uiters dringende afsprake sal in hierdie tyd toegestaan word.

Die volgende prosedure geld:

- Besoekers/ouers se temperatuur sal by die hek gemonitor word.
- Besoekers/ouers met 'n koors van hoër as 37,5°, sal nie op die skoolterrein toegelaat word nie.
- Besoekers se hande sal by die hek gesaniteer word.
- Besoekers sal verplig word om maskers te dra.
- Alle besoekers moet in 'n register inteken.

VOERTUIE

- Alle voertuie wat gebruik word om leerders skool toe en terug te vervoer, moet voldoen aan die regulasies, uitgereik in terme van die Wet op Rampbestuur (Wet no. 57 van 2002) en enige wysigings aan die wet, asook alle riglyne om die verspreiding van die Covid-19-virus te bekamp.
- Taxi's, busse en privaatvoertuie moet aan alle riglyne ten opsigte van higiëne voldoen.
- Voldoende reinigingsmiddels moet in die voertuie beskikbaar wees. Leerders se hande moet gesaniteer word voor hulle in die voertuig klim.

AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERDERS

Wees asseblief bedagsaam teenoor alle ouers. Kyk hoe u parkeer.

- Ouers mag slegs die boonste hek in Harry Smithstraat gebruik. Die onderste hek sal aan die einde van die dag wanneer die skool verdaag oopgemaak word.
- Die onderste twee vlakke sal gebruik word om leerders af te laai. Slegs leerders mag uit die motor klim en moet dan na hulle aantreegebied beweeg (aangedui deur die oranje pyle soos op die diagram aangedui) om geskandeer en gesaniteer te word. Sien die aangehegte plan wat die nuwe bewegingsrigting aandui wat in die die oggend gebruik moet word.
- U mag nie die parkeerarea gebruik wat deur die verbode teken aangedui is nie.
- Motors verlaat die skool steeds deur van die boonste vlak gebruik te maak. Die boonste vlak (vlak 3) mag nie gebruik word om te parkeer of leerders af te laai nie.
- Leerders wat buite die skool afgelaai word, mag die skool betree deur slegs van die boonste hek in Harry Smithstraat gebruik te maak. Geen leerder mag voor die sekuriteitshekke afgelaai word nie. Dit bemoeilik die vloei van verkeer.
- Indien 'n ouer vir 'n leerder wag, moet u asseblief in u voertuig wag.



@OMS

Die volgende maatreëls geld vir die aankoop van goedere by @OMS:

Geen ouers word op die skoolterrein toegelaat nie en du soek nie by die winkel nie, aangesien die winkel ook by die oorhoofse reëls van die Hoërskool en Laerskool moet hou.

Stuur u bestelling per e-pos na oms@oranjemeisies.co.za of WhatsApp na 082 056 7734 – **Slegs gedurende winkelure**.

1. Huidige winkelure: Maandae – Donderdae: 07:00 – 14:00 en Vrydae 07:00 – 13:00.
2. U sal daarna 'n kwotasie ontvang sowel as die bankbesonderhede.
3. U maak die inbetaling en stuur bewys van betaling, per e-pos of WhatsApp.
4. U pakkie sasl gepak word en dan kan u vooraf 'n reeling tref om die pakkie aan die buitekant van die Hoërskool se hek, in Harry Smitstraat, te kom afhaal.
5. Tweedehandse klere wat teruggeruil word vir ander tweedehandse klere, se reëlins is dieselfde as punt 1 – 4. Die klere wat u terugbring moet asseblief in 'n geseelde sak afgegee word. Dit moet in 'n herverkoopbare toestand wees.
6. Reëlins ten opsigte van tweedehandse klere:
 - Tweedehandse klere kan slegs geruil word vir ander tweedehandse klere, mits dit weer verkoop kan word.
 - Elke kledingstuk het 'n ruilwaarde.
 - Tweedehandse klere kan ook geskenk word as 'n donasie.
 - Geen geld word uitbetaal ie.

Die winkel is gesluit gedurende naweke, skoolvakansies en publieke vakansiedae.

PROSEDURES WAT GEVOLG WORD INDIEN U LEERDER COVID-19-SIMPTOME TOON, IN KONTAK WAS MET 'N POSITIEWE COVID-19 GEVAL OF POSITIEF TOETS VIR COVID-19

PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD WANNEER 'N LEERDER TYDENS JOU PERIODE SIEK RAAK

- Me. D. Cloete word na die klaskamer waar die siek leerder is, ontbied. Sy ondersoek die saak en kontak mev. J. Kuntzman (indien nodig) om die ouers te kontak.
- Mev. J. Kuntzman kontak die ouers en laat weet me. D. Cloete die tydsduur wanneer die ouers die leerder gaan kan kom afhaal.
- Indien dit binne 'n halfuur is, word die leerder deur me. D. Cloete na die boonste hek vergesel wat dan saam met die leerder op die ouer gaan wag. Die kontakvorms word dan ook tydens hierdie wagtydperk voltooi.
- Indien die ouers ver bly en dit langer as 'n halfuur gaan duur, vergesel me. D. Cloete die leerder na die isolasiekamer..
- Mev. J. Kuntzman laat weet vir mev. L. Nortier by die koshuis dat me. D. Cloete 'n leerder isolasiekamer toe bring.
- Die nodige higiëniese stappe word deur die personeel en leerder, voor opname, tydens opname en daarna gevolg.
- **Higiëniese stappe:**
 - Almal dra maskers – die versorger dra 'n mediese masker.
 - Die versorgers dra 'n gesigskerm en bril.
 - Die versorgers dra 'n voorskot (indien nodig).
 - Hande word gesaniteer voordat daar met die leerder kontak gemaak word en elke keer wanneer 'n nuwe sone betree word.
 - Wanneer die versorger die isolasiekamer verlaat, moet al die mediese materiaal binne-in 'n sak geplaas word. Hierdie sak moet dan weer binne-in 'n ander sak geplaas word en kan dan as normale vullis verwyder word.
 - Probeer geen kontak met deure, vensters of gordyne te maak nie. Indien wel, stel mev. G. Holtzhausen in kennis, sodat die besmette areas gesaniteer kan word.

- As die leerder nie asemnood of enige kritiese mediese sorg nodig het wat konstant gemonitor moet word nie, sal die dogter in mev. Nortier se sorg gelaat word, anders sal me. D. Cloete of by die dogter bly en indien nodig, selfs reël dat die dogter gehospitaliseer moet word.
- Die dogter word dan deur me. Cloete of mev. Nortier na die ouers se voertuig begelei (hulle mag nie uitklim nie).
- Afhangende van die siektetoestand sal die ouers aangemoedig word om die dogter te laat toets vir Kovid 19.
- Mev. G. Holtzhausen word dan in kennis gestel om die isolasiekamer en ander moontlike besmette areas te saniteer.

ISOLASIEPROTOKOL

- Twee kamers naaste aan die ingang van die koshuis moet geïdentifiseer word.
- Een moet ingerig word as 'n siekekamer en een moet ingerig word as 'n isolasiekamer.
- Geen ander individu word saam met 'n geïsoleerder persoon in die siekekamer/isolasiekamer toegelaat nie.
- Sosiale afstand moet ten alle tye gehandhaaf word.
- Elke geïsoleer persoon moet 'n nuwe FFP1 chirurgiese masker ontvang.
- 'n Isoleringsregister sal deur mev. D. Cloete (skoolleerders) en mnr. N. Theart (koshuisleerders wat in die middag/aand siek raak) gehou word.
- Isoleringslokale sal na die isoleringstydperk dadelik ontsmet word.
- Vereistes waaraan die vertrekke moet voldoen:
 - Daar moet genoeg ventilasie wees.
 - Die vertrekke moet maklik bekombaar wees.
 - Die vertrekke moet spaarsamig gemeubileer wees.
 - Daar moet genoeg mediese maskers wees.
 - Plakkate met noodkontaknommers moet beskikbaar wees.
 - Chirurgiese handskoene

WAT BEHOORT PERSONEEL TE DOEN WANNEER 'N LEERDER COVID-19 SIMPTOME TOON?

Simptome = hoë koors, asemnood, droë hoes, seer keel, ens. Indien u vermoed dat 'n leerder siek mag wees, behoort die volgende gedoen te word:

- Die personeellid het die reg om hom- of haarself en ander persone te beskerm.
- Lig die leerder se ouers of voog in en adviseer hulle.
- Die persoon of leerder wat simptome toon moet geïsoleer word. Isoleer die leerder totdat sy deur haar ouers afgehaal en getoets kan word. Dit is nie die skool se verantwoordelikheid om 'n leerder te diagnoseer of te toets nie.
- Indien 'n leerder weier om saam te werk, moet dit onmiddellik aan die skoolhoof, bestuurspan of SBL gerapporteer word, wat die nodige besluite sal neem en verdere optrede sal bepaal.
- Indien 'n opvoeder blootgestel word aan moontlike infeksie, of 'n redelike vermoede het dat sy blootgestel is, kan die persoon die Veiligheidskomitee nader om getoets te word op die skool se onkoste (BL-lid).
- Indien 'n leerder/personeellid positief toets, identifiseer alle persone wat in kontak met die leerder was en adviseer hulle ooreenkomstig. Hierdie persone behoort tuis te bly vir ten minste 14 dae en hulle simptome behoort gemonitor te word. Hulle mag nie skool bywoon of in die koshuis inwoon nie.
- Personeel wat in die koshuis inwoon, moet self-isolasie toepas.
- Doen 'n risiko-assessering van die skool onder leiding van die departementele gesondheidsamptenare wat advies aan die skool sal verskaf.
- Wees pro-aktief en maak voortydig kontak met relevante gesondheidspersoneel en vestig kommunikasiekanale, sodat u onmiddellik toegang tot hierdie persone sal hê indien leerders dringend verwys moet word. (Hou name, nommers en na-uurse kontakbesonderhede byderhand).
- Bel NISD se tolvrye noodnommer vir Covid-19 gevalle: 0800 029 999.
- Alle positiewe gevalle moet aan die DPSA gekommunikeer word in die voorgeskrewe formaat en ge-epos word aan COVID-19@dpsa.gov.za.

AKSIES WANNEER 'N PERSOON IN KONTAK WAS MET IEMAND WAT VERMOEDELIK COVID-19 HET

- Geen Distriks- of spesiale maatreëls is nodig voordat laboratoriumtoetsuitslae vir Covid-19 ontvang is nie.
- Die instansie hoef nie te sluit nie.
- Leerders en personeel hoef nie huis toe gestuur te word nie.

AKSIES WANNEER 'N PERSOON IN KONTAK WAS MET 'N BEVESTIGDE COVID-19 GEVAL

- Alle persone wat naby kontak met 'n bevestigde geval gehad het, moet hulleself vir 10 dae in hulle huise in kwarantyn plaas.
- Leerders wat met 'n gesonde kontak van 'n bevestigde geval kontak gehad het, mag steeds skool toe kom.
- Alle gevalle wat simptome toon, moet onmiddellik getoets word.

PERSONE WAT POSITIEF TOETS VIR COVID-19

- 'n Gesondheidsbeampte sal die skool kontak, persone identifiseer wat met die persoon in aanraking was en advies gee oor die stappe wat geneem moet word.
- 'n Risiko-evaluering sal uitgevoer word en aanbevelings oor die bestuur van leerders en personeel sal deurgegee word.
- In die meeste gevalle is die sluit van die skool nie nodig nie.

COVID-19 UITBREKE BY DIE SKOOL

- Die volgende prosedure moet gevolg word:
 - Stel die HOD in kennis en die plaaslike Departement van Gesondheid/Kliniek.
 - Stop klasse/skool vir 'n periode van 2-5 dae sodra toestemming verkry is van Hoof van Departement van Onderwys (wat sal konsulteer met Hoof van Departement van Gesondheid)
 - Kommunikeer met leerders, personeel, ouers (behou konfidensialiteit)
 - Maak terrein skoon en disinfekteer
 - Wag ten minste 24 uur
 - Maak deure en vensters oop vir sirkulasie
 - Disinfekteer alle areas

- Leerders wat 'n huis deel met iemand wat die virus het, moet by die huis bly.
- Implementeer strategieë om onderrig en leer te laat plaasvind en leerders te ondersteun.

EMOSIONELE ONDERSTEUNING AAN PERSONEEL EN LEERDERS EN VERMYDING VAN STIGMAS

Veranwoordelike persoon – mej. E. Riley

Verskaf berading vir die skool en die risiko-groepe.

Verwys diegene wat gespesialiseerde dienste benodig.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) dui aan dat 'n groot pandemie 'n psigososiale wanbalans veroorsaak wat die vermoë van die bevolking om te “cope”, beïnvloed.

Die Covid-19 is so 'n pandemie. Die algemeenste reaksies sluit in angs, nood en depressie. Hierdie reaksies kan voortspruit uit 'n vrees vir die opdoen van die siekte, die vermoë om van die siekte te herstel of selfs die dood van familieledede, kollegas of klasmaats.

In gevalle van uiterste nood, moet die gereelde procedure, soos uiteengesit in die SIAS Beleid, omseil word en 'n toepaslike noodprotokol moet dan gevolg word.

WAT IS STIGMAS EN STIGMATISERING?

- Die woord “stigma” kom uit Latyn wat “merkteken” beteken.
- 'n Stigma is gewoonlik 'n uiterlike kenmerk wat afbreuk aan iemand se reputasie doen.
- In die geval van COVID-19 en ander epidemies, word mense veroordeel omdat hulle siek is.
- Stigmatisering is verkeerd en dra nie by tot ons gemeenskaplike doel om die veiligheid van ons leerders, personeel, werkers, ouers en hul families eerste te stel nie.

Dit is normaal om angstig te voel, maar leerders moet van die volgende bewus wees:

- **Leerders moenie hulself skuldig maak aan die verspreiding van stories nie. Die is niks anders as emosionele boeligedrag nie.**
- **Moenie fopnuus versprei nie.**
- **Leerders moenie angstig of gespanne raak wanneer hulle in afsondering geplaas word nie. Dit is slegs 'n voorsorgmaatreël en beteken nie noodwendig dat die leerder Covid-19 het nie.**

HOE KAN U IDENTIFISEER WANNEER IEMAND HULP NODIG HET?

- Een of meer van die volgende tekens kan voorkom:
 - Aanhoudende vrees, bekommernis en ang
 - Aanhoudende hartseer, hopeloosheid en ander oorweldigende emosies
 - Onttrekking aan ander
 - Verlies aan belangstelling in persoonlike voorkoms en ongewone gebrek aan energie
 - Uiting van woede
 - Afwesig vir klasse en doen nie huiswerk nie
 - Gebruik of verhoogde gebruik van dwelms of alkohol